



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 26 JANUARIE 2023 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy  
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

**RAADSLEDE:**

Bess, D G (DA)	Papier, J R (GOOD)
Booyesen, A M (VF+)	Penxa, B J (ANC)
Daniels, C (DA)	Pieters, C (ANC)
Duda, A A (EFF)	Pypers, D C (DA)
Fortuin, C (ANC)	Smit, N (DA)
Jooste, R J (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Le Minnie, I S (DA)	Van Essen, T (DA)
Ngozi, M (ANC)	Van Zyl, M (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Pastoor Mark Solomon van die Sewendedag Adventiste Kerk, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lid van die publiek.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdh B J Stanley en rdl G Vermeulen.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

**3.1 HULDEBLYK AAN RDH KLASIE RUST**

Die Speaker betoon sy medelye met die afsterwe van Rdh Klasie Rust en versoek die Uitvoerende Burgemeester om 'n huldeblyk te lewer.

Die Uitvoerende Burgemeester verwys na die verdienstelike aantal jare diens van Rdh Rust sedert 1979 tot 2016 by die voormalige munisipaliteit, Swartland Munisipaliteit en die Weskus Distriksmunisipaliteit.

3.1/...

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat rdh Rust 'n ware heer was en na sy uitrede steeds belanggestel het in die sake van die Munisipaliteit. Rdh Rust was 'n eerbare mens en het die gemeenskap met waardigheid gedien.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek rdh T van Essen om 'n kers ter nagedagtenis van rdh Rust aan te steek, waarna 'n minuut van stilte volg vir alle inwoners wat oor die afgelope tyd geliefdes aan die dood afgestaan het.

### **3.2 OORHANDIGING VAN SERTIFIKATE INSAKE VOLTOOIING VAN KURSUS OOR GESLAGGEBASEERDE GEWELD**

Die Speaker, in samewerking met die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, oorhandig sertifikate aan die volgende raadslede wat die kursus insake geslaggebaseerde geweld suksesvol voltooi het, naamlik

- Die Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer
- Rdl D G Bess
- Rdl A M Booyesen
- Rdl N Smit
- Rdl D C Pypers
- Rdl G Vermeulen

### **3.3 KENNISGEWING VAN OPKOMENDE GELEENTHEDE**

Die Munisipale Bestuurder bring die volgende onder die aandag van raadslede, naamlik

- Die amptelike opening van die Weskaapse Parlement en die toespraak van die Premier sal vanuit die Banketsaal op Donderdag, 16 Februarie 2023 vanaf 10:45 uitgesaai word. Alle raadslede sal 'n amptelike uitnodiging in hierdie verband ontvang;
- Die onderskeie SALGA-werkgroepe gedurende die week van 13 Februarie 2023 wat op George gehou sal word, sal in hibried-formaat wees en kan die betrokke raadslede dus virtueel daarby inskakel.

## **4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

### **4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 27 OKTOBER 2022**

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 27 Oktober 2022 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

### **4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP 30 NOVEMBER 2022**

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdd M van Zy, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 30 November 2022 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

## **5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

### **5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 18 OKTOBER 2022**

saamgelees met

5.1/...

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 11 OKTOBER 2022**

**5.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 24 OKTOBER 2022**

**5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 16 NOVEMBER 2022**

saamgelees met

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 9 NOVEMBER 2022**

**5.4 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 14 DESEMBER 2022**

**6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

**6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 11 OKTOBER 2022**

**6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 8 NOVEMBER 2022**

**6.3 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 14 NOVEMBER 2022**

**7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

**8. SAKE VIR BESPREKING**

**8.1 VOORLEGGING VAN DIE KONSEP JAARVERSLAG: 2021/2022 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1)**

Die Uitvoerende Burgemeester lê die 2021/2022 Konsep Jaarverslag voor en wens die Munisipaliteit geluk met die verkryging van 'n 10de skoon oudit. Dank en waardering word oorgedra aan elke amptenare wat 'n bydrae lewer tot die suksesse van die Munisipaliteit.

Die 2021/2022 Konsep Jaarverslag is opgestel ooreenkomstig die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 gedateer 26 September 2012, en word voorgelê aan die Raad ingevolge artikel 127(2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (MFMA, Wet 56 van 2003).

Die jaarverslag sluit onder andere in –

- (1) die finansiële state;
- (2) ouditverslag van die Ouditeur-Generaal; en
- (3) die jaarlikse prestasieverslag.

Die Speaker versoek dat, indien raadslede insette/kommentaar gedurende die publieke deelnameproses op die konsep jaarverslag wil lewer, dit skriftelik ingedien moet word by die Munisipale Bestuurder voor/op 28 Februarie 2023.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2021/2022 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;

8.1/...

- (b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 127 van die MFMA, Wet 56 van 2003 uitvoering gegee sal word, te wete –
  - (i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
  - (ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om vertoë daaromtrent te rig;
  - (iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die raadsvergadering op 30 Maart 2023 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
  - (iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;
- (c) Dat die MPAC, na afloop van die sluiting van kommentaar op die jaarverslag, 'n gedetailleerde analise sal doen van die vertoë wat ontvang is, ten einde die konsep oorsigverslag op te stel vir oorweging deur die Raad op 30 Maart 2023;
- (d) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 30 Maart 2023.

## **8.2 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): 1 OKTOBER TOT 31 DESEMBER 2022 (7/1/1/2-2)**

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die MFMA, Wet 56 van 2003.

Die voorlegging van die verslag aan die Raad dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig aangaande die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die Munisipaliteit.

Die kwartaalverslag ten opsigte van Kwartaal 2 soos op 31 Desember 2022 is met die sakelys gesirkuleer.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesecondeer deur rdl E C O'Kennedy)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Oktober tot 31 Desember 2022.

## **8.3 HALFJAARLIKSE BEGROTING- EN PRESTASIE-EVALUASIE VAN DIE 2022/2023 FINANSIËLE JAAR (7/1/2/2-2)**

Artikel 72(1) van die MFMA, Wet 56 van 2003 bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer en aan die Uitvoerende Burgemeester voorlê.

Die Uitvoerende Burgemeester lê die Halfjaarlikse Begroting- en Prestasieverslag, soos opgestel in lyn met die voorskrifte van die Munisipale Begroting- en Verslagdoeningsregulasies (Algemene Kennisgewing 393 soos afgekondig in die Staatskoerant gedateer 17 April 2009), ter tafel.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh J H Cleopas, gesecondeer deur rdd M van Zyl)

Dat die Raad kennis neem van die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2022/2023 finansiële jaar en meer spesifiek die noodsaaklikheid om die oorspronklike begroting te hersien deur middel van 'n aansuiweringsbegroting.

#### 8.4 GOEDKEURING VAN DIE 2022/2023 HALFJAARLIKSE AANSUIWERINGS-KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Die 2022/2023 Halfjaarlikse Aansuiweringskapitaal en -Bedryfsbegroting is tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 18 Januarie 2023 oorweeg vir goedkeuring deur die Raad en word deur die Uitvoerende Burgemeester ter tafel gelê.

Die voorlegging van die aansuiweringsbegroting geskied ingevolge artikel 28 van die MFMA, Wet 56 van 2003 nadat die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar geëvalueer is – verwys item 8.3.

Die Direkteur: Finansiële Dienste gee 'n bondige oorsig van die aansuiwerings ten opsigte van die kapitaal- en bedryfsbegroting.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en dit word beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met 13 raadslede ten gunste daarvan en agt raadslede wat buite stemming bly.

#### BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg in 'n poging om die Uitvoerende Burgemeester te adviseer insake die pad vorentoe;
- (b) Dat die Raad kennis neem van die voorgestelde aanpassing (wat verband hou met Artikel 19) ten opsigte van die Waste Water Treatment Works: Moorreesburg en Resealing of Swartland Roads (**Annexure A-2: Capital Projects ito Sec 19**);
- (c) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2022/2023 as volg te wysig met geen veranderinge aan die buite jare nie;

	Oorspronklike Begroting 2022/23	Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2022/23	Aanpassings	Oorspronklike Begroting 2023/24	Oorspronklike Begroting 2024/25
Kapitaalbegroting	191 095 805	167 894 804	(23 201 001)	195 834 903	165 690 722
Bedryfsuitgawes	1 029 331 855	1 025 575 992	(3 755 863)	1 061 375 491	1 139 864 061
Bedryfsinkomste	1 093 983 961	1 087 072 579	(6 911 382)	1 123 993 179	1 174 158 797
<b>Begrote (Surplus)/ Tekort</b>	<b>(64 652 106)</b>	<b>(61 496 587)</b>	<b>3 155 519</b>	<b>(62 617 688)</b>	<b>(34 294 736)</b>
Minus: Kapitaal Toekennings, Donasies & Ontwikkelingsbydraes	77 109 000	67 945 510	(9 163 490)	73 351 000	35 935 000
<b>(Surplus)/ Tekort</b>	<b>12 456 894</b>	<b>6 448 923</b>	<b>(6 007 971)</b>	<b>10 733 312</b>	<b>1 640 264</b>

- (d) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die begroting geen impak sal hê op tariewe het ten opsigte van die 2022/2023 finansiële jaar nie maar sal lei tot 'n afname in die begrote netto tekort van R12 456 894 na 'n begrote netto tekort van R6 448 923;
- (e) Dat die ongemagtigde uitgawe van R11 717 297 vir die 2021/2022 finansiële jaar gemagtig word as deel van die aansuiweringsbegroting in lyn met artikel 32(2)(a)(i) van die Wet;
- (f) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningregulasies goedgekeur word soos vervat in (**Annexure C: Budget Report and B-Schedules 2022/23 – 2024/25**);

8.4/...

- (g) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (h) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word.

#### **8.5 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: FINALE AANVAARDING VAN HERSIENDE DIENSSTAAT (4/1/1/2/1)**

Die Munisipaliteit se diensstaat is in terme van die Plaaslike Regering: Munisipale Personeelregulasies, Nr 890 en Nr 891 gedateer 20 September 2021 hersien en op 27 Oktober 2022 aan die Raad voorgelê vir aanvaarding.

Die verslag tot die sakelys bevat volledige besonderhede aangaande die addisionele wysigings aan die strukture van die Direkoraat: Finansiële Dienste en die Direkoraat: Siviele Ingenieursdienste.

Ten opsigte van die Direkoraat: Finansiële Dienste is die wysigings genoodsaak deur risiko's geïdentifiseer tydens die eksterne oudit en nuwe regulasies van toepassing op die Voorsieningkanaalbestuursprosesse met ingang van 16 Januarie 2023.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Raad die besluit van 27 Oktober 2022 bekragtig met insluiting van die voormelde wysigings, vir implementering met ingang van 1 Januarie 2023.

#### **8.6 GOEDKEURING VAN DIE KONSEP 4<sup>DE</sup> GENERASIE GEÏNTEGREERDE AFVALBESTUURSPLAN (16/4/B)**

Die Raad is verplig om, ingevolge die *National Environmental Management Waste Act (Act 59 of 2008)* – slegs uitgegee in Engels – 'n Geïntegreerde Vaste Afvalbestuursprogram te hê, wat elke vyf jaar hersien moet word.

Die hoofdoel van die plan is die transformasie van werkswyses ten opsigte van die verwydering en wegdoening van vaste afval en om volhoubare praktyke te vestig met in ag neming van die impak op die omgewing.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R J Jooste)

Dat die 4<sup>de</sup> Generasie Geïntegreerde Afvalbestuursplan goedgekeur en deur die Munisipale Raad aanvaar word.

#### **8.7 EERSTE KONSEP: WYSIGING VAN DIE SWARTLAND RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK, 2023-2028 (15/1/4/1)**

Die Munisipale Bestuurder noem dat die hersiening van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) saamloop met die nuwe Geïntegreerde Ontwikkelingsraamwerk (GOP) om, onder andere, die ROR in lyn te bring met nasionale-, provinsiale wetgewing en die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning.

Die doel van die ROR is om die nodige riglyne binne wetgewende raamwerke te voorsien om ruimtelike ontwikkeling in die munisipale area op 'n volhoubare en aanvaarbare wyse te laat plaasvind.

Die Munisipale Bestuurder moedig die publiek, en spesifiek die wyksraadslede, aan om die opedae by te woon om juis te vergewis van toekomstige ruimtelike beplanning in die munisipale gebied.

Besluit/...

8.7/...

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die eerste konsep wysiging aan die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, 2023-2028;
- (b) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die publisering van die eerste konsep wysiging aan die ROR vir publieke kommentaar/insette in terme van artikel 7(1)(b) van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning;
- (c) Dat die eerste konsep wysiging aan die ROR aan die Provinsiale Minister vir insette/kommentaar voorsien word;
- (d) Dat die tydperk vir insette/kommentaar gedurende Februarie en Maart 2023 sal wees met opedae in die meerderheid van dorpe in die Swartland munisipale area soos aangedui op die aangehegte skedule.

**GETEKEN:  
SPEAKER**